*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.

*'n Party sien in 'n volksvraagstuk die geleentheid om propaganda te maak.*

*'n Volksbeweging sien in 'n volksvraagstuk geleentheid om 'n verkeerdheid reg te maak.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 17 JUNIE 1942. No. 32.

# Ossewabrandwag Het Geweld In Verlede Steeds Voorkom

## Kommandant-Generaal Waarsku Teen Na-Oorlogse Ontwrigting

**„Indien die O.B. net uit persone wat geweld wil pleeg, bestaan het, sou daar al baie slegter dinge as sabotasie plaasgevind het," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg voorverlede Woensdag op Standerton gesê. Hy het ook gewaarsku teen 'n ongekende depressie en nywerheidsmoeilikhede in ons land ná die oorlog, wat gewisse ondergang sal beteken indien nasionaalgesinde Afrikaners langer aan mekaar se kele hang.**

Die vergadering was een van die reeks wat dr. Van Rensburg tans in Oos-Transvaal toespreek en het plaasgevind onder voorsitterskap van mnr. Hansen, generaal van die Beweging in Standerton.

Die O.B. het geen belang in die party-politieke geskille van die dag nie, het die K.G. gesê. Drie, vier jaar gelede was die Afrikanerdom net so verdeeld as tans en was die strydpunte die aankoop van grond vir naturelle, naturellestemreg, ens. Vandag word niks meer van daardie „brandende" sake gehoor nie. Volgens die politieke leiers staan die Afrikanerdom vandag voor 'n krisisuur in sy geskiedenis. Waarom is die vroeëre strydpunte vandag vergeet en waarom staan die Afrikanerdom voor 'n krisisuur?" het spreker gevra. Omdat die oorlog alles oorskadu en meegebring het dat die brandpunt in die volkslewe na ander terreine verskuif is. Die O.B. twyfel nie aan die uitslag van die oorlog nie en sy hele strewe is daarvolgens ingerig.

Dit word die O.B. vandag ten kwade gedui dat hy voortdurend teen die Britse Ryk veg, maar die mense wat die O.B. beskuldig, moet in gedagte hou dat hulle met hulle klein meerderheid in die Volksraad 'n keuse afgedwing het op die Afrikanerdom wat neutraal wou bly. Nie net die O.B. nie, maar ook genl. Hertzog, dr. Malan en baie ander het gesê dat die hele toekoms van die Afrikanervolk afhang van die verloop van die oorlog.

### „Chaos Kom Ná Oorlog"

Afgesien egter van die verloop van die oorlog, gaan die werklike chaos in die land eers ná die stryd kom. Tans reeds is daar werkloosheid omdat fabrieke nie die nodige grondstowwe kan invoer nie. 'n Depressie en nywerheidsmoeilikhede, soos nog nooit tevore in Suid-Afrika geken nie, sal gewis volg en indien die Afrikanerdom bymekaar staan, sal dit nog moeilik gaan om dit deur te maak. Indien nasionaalgesinde Afrikaners aan mekaar se kele hang, soos tans, beteken dit gewisse ondergang.

Vervolgens het spreker die O.B. se houding teenoor die Britse Ryk en teenoor politieke partye bespreek. Daar sit vandag twee kleinseuns van wyle pres. Kruger en 'n kleinseun van Piet Uys in die interneringskamp. Is daar 'n ander land ter wêreld waar die gevestigde burgery — die afstammelinge van die eerste beskaafde inwoners — vyfde-kolonners is, terwyl die pasaangekome vreemdeling 'n groot „lojalis" en „nasionalis" is?, het spreker gevra. Hy het verwys na die behandeling van persone in tronke waar hulle maande aaneen aangehou word sonder dat hulle aangekla word en het sy vorige verklarings in verband met die saak herhaal.

**Hy het melding gemaak van die geval van 'n persoon wat op Nelspruit aangekla is dat hy telefoondrade geknip het, volgens sy eie verklaring skuld beken het onder dwang van buite, en deur die magistraat onskuldig bevind is. Hierdie dinge, het hy verklaar, is oorsaak dat die O.B. so bitter gekant is teen die konneksie met die Britse Ryk.**

Die O.B. word vandag beskuldig van medepligtigheid in verband met die pogings tot sabotasie. Gedurende die afgelope twee jaar het die O.B. baie ernstiger dinge as sabotasie in die land verhinder. **Die eerste geleentheid was met die soldate-onluste in Johannesburg, en die tweede met die verbod op staatsamptenare om lid van die O.B. te wees. Indien die O.B. net uit persone wat geweld wil pleeg, bestaan het, sou daar al baie slegter dinge as sabotasie in die land plaasgevind het, het spreker verklaar.**

### O.B. en Politieke Partye.

Voorts het spreker verwys na die verhouding van die O.B. teenoor politieke partye en verklaar dat gedurende die enigste tydperk waarin die Afrikanerdom homself kon wees, daar nie politieke partye was nie. **Joubert was nie Kruger se opposisie-leier nie, maar sy kommandant-generaal.** Dit is die stelsel — nie die persone nie — wat meebring dat eerbare manne beskinder en beklad word; dat vertel word dat die een £2,000 per jaar van die Regering ontvang om die O.B. te verraai en dat die ander briewe aan vrymesselaars geskryf het. „Dit is hierdie stelsel wat meebring dat 'n man my vra om in sy nasionale komitee te dien, maar 'n rukkie later sê dat ek nog altyd by die altaar van veldm. Smuts aanbid het," het spreker vervolg. **„Die O.B. is sat en siek vir die politieke partystelsel en sal alles in sy vermoë doen om dit wortel en tak uit te roei,"** het hy daaraan toegevoeg.

Die O.B. is die nuwe vorm van volksorganisasie wat dwarsdeur die wêreld posvat ten gevolge van die nuwe ontwaking wat daar gekom het, het spreker vervolg. Dit het ontstaan uit die broederliefde van die Ossewatrek. Dit is geen nabootsing van ander nie. Omdat Luther 'n Duitser was, beteken dit tog nie dat alle Protestante Duitsers is nie. Die O.B. het niks teen die Duitse volk nie, en het ook geen grief teen die Engelse bevolkingsdeel as sodanig nie. Sy geveg is teen 'n stelsel en 'n ryk, nie teen persone nie. Daarom stel die O.B. net een eis, nl.: „Is jy 'n goeie, ordentlike Afrikaner en 'n goeie ordentlike republikein?" Almal wat dit is, is welkom in die O.B., „en die dag wanneer die O.B. anders praat, stap ek daaruit, saam met die mense wat nie welkom is nie," het spreker ten slotte verklaar.

Genl. J. D. Jerling, Assistent-kommandant-generaal in Transvaal, en mev. K. Malan, voorsitster van die Vroue-adjunkraad van Transvaal, het ook die vergadering toegespreek.

Genl. Jerling het o.m. verklaar dat die sg. Keeromstraat-kliek nie 'n blote hersenskim is nie, maar 'n wesenlike gevaar vir die volk. Vir eie voordeel word volksentiment uitgebuit deur middel van aandele in 'n pers. Hy het aangevoer dat die demokrasie wat in Frankryk ontstaan het en waarvoor vandag, volgens bewering van die regerende partye, geveg moet word, so gedaal het dat die grootste Franse van die dag dit wil verwerp.

**STEMPELS**

Rubber Stempels vir O.B.-Kommando's met die O.B.-Wapen daarop.

**17/6 Posvry.**

**TAFELBERG INDUSTRIEË,**
**Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.**

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP— DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***

**LEVER BROERS.**

# Die Oorlog.

## *'n Wêreldoorlog Inderdaad*

### DIE RUSSIESE FRONT

Sedert die onlangse groot veldslae by Kerch en Karkhof skyn daar aan die Russiese front op die oomblik nie veel gaande te wees nie. Tog het daar gedurende die afgelope paar dae aan hierdie front twee gebeurtenisse plaasgevind wat meer as gewone aandag verdien. Die een is die besoek van Adolf Hitler aan Mannerheim, die Finse opperbevelhebber, by geleentheid van laasgenoemde se 75ste verjaardag. Hierdie besoek is beslis nie ,,'n buitengewone gebaar van erkentlikheid jeens die Spil se waardevolste bondgenoot onder die klein state van Oos-Europa'' nie. Die skoen sit aan die ander voet. Dit is Finland wat erkentlik moet wees vir die hulp wat hy teen sy doodsvyand, Rusland, van die Spil ontvang het. Die besoek was ook seker nie 'n gewone verjaarsdagbesoek nie. 'n Staatshoof doen nie so iets in tyd van oorlog nie. Die feit dat Hitler vergesel was van Keitel en ander belangrike persone skyn aan te dui dat sake van gewig onder bespreking was. Dit kan aangeneem word dat die belangrike Russiese hawestad, Moermansk, een van die onderwerpe van bespreking was. Dit is veral deur hierdie hawestad dat Amerikaanse en Britse oorlogstuig die Russiese bondgenoot kan bereik. Die verhewigde Duitse lugaanvalle op die Geallieërde skepe wat na Moermansk vaar, veral in hierdie nagtelose tyd van die jaar, skyn 'n versnelde tempo in die oorlogsvoering aan hierdie Yssee-front aan te kondig.

Nie alleen in die hoë noorde van die Russiese front nie, maar ook voor Sebastopol, die sterkste Russiese vlootbasis aan die Swartsee, word hard geveg. Hierdie sterk-bevestigde stad is sedert maande van die land se kant omsingel en sy verlies sal vir die Russe 'n ernstige slag wees ofskoon hy as vlootbasis vir geruime tyd seker nie meer gedeug het nie.

### NOORD-AFRIKA

In Noord-Afrika duur die slag, wat veertien dae gelede begin het, met onverminderde woede voort. Geen van die vegtende partye het tot hiertoe 'n beslissende oorwinning behaal nie. Dit bly by aanvalle en teenaanvalle. Dit lyk of die slag die vorm van 'n materiaalslag aanneem. Indien dit die geval is, sal dit vir die Britte moeiliker wees as vir die Spilmagte om die verlies aan gemeganiseerde oorlogstuig aan te vul. Van Italië na Noord-Afrika is maar 'n hanetreetjie in vergelyking met die afstand tussen Brittanje en Noord-Afrika om die Kaap die Goeie Hoop. Dit is hierdie geweldige afstande wat so n groot nadeel vir die Brits-Amerikaanse oorlogsvoering uitmaak.

### DIE VERRE OOSTE

Na die Japanse verowering van Birma het die swaartepunt van die stryd in Asië na China verskuif. Tsjoenking-China, feitlik afgesny van alle toevoerweë, maak vandag kennis met verwoede Japanese aanvalle uit verskeie rigtings. Dit sal 'n uiters moeilike taak vir die Chinese wees om, in hulle afgeslotenheid en sonder noemenswaardige eie oorlogsnywerhede, die Japanners se sukses die hoof te bied. Die uitgestrektheid van die land en sy menserykdom sal, soos in die geval van Rusland, waarskynlik sy sterkste verdediging wees.

In die oorlog in die Verre Ooste is dit duidelik dat die Japanners nog altyd die inisiatief in eie hande het. Gedurende die afgelope paar weke het 'n mens verneem van Japanse lugaanvalle op Dutch Harbour, die Amerikaanse vlootbasis voor Alaska, van Japanse aanvalle op die Amerikaanse Midway-eiland, van Japanse duikbote in die hawe van Sydney (Australië) en voor Madagaskar. Van Alaska na Madagaskar is dit vier vastelande, nl. Amerika, Asië, Australië en Afrika wat kennis met die Japanners se wapens maak. Saam met die oorlog in die weste het ons vandag inderdaad 'n wêreldoorlog sonder weerga in die geskiedenis van die wêreld.

Die Japanse aanval op Dutch Harbour is nie sonder belang nie. Hierdie Amerikaanse vlootsteunpunt lê op een van die Aleote-eilande, 'n eilande-reeks in Amerikaanse besit wat in westelike rigting strek tot betreklik naby die Russiese vlootbasis van Petropawlowsk op die skiereiland van Kamtsjatka. Dit is dan ook opmerklik dat in die Amerikaanse tydskrif ,,Foreign Affairs'' (April 1942) melding gemaak word van laasgenoemde twee Russiese name wat as toekomstige afspringplekke vir 'n Amerikaanse offensief teen Japan sal moet dien.

### AUSTRALIË

As daar 'n land is wat hom in September 1939 die verloop van hierdie oorlog anders voorgestel het as wat werklik gebeur het dan is dit waarskynlik Australië. Hierdie Britse dominium, wat in die verlede nooit geaarsel het om goed en bloed in verre lande vir die Empaaier op te offer nie, bevind hom vandag in 'n uiters gevaarlike posisie. Die Japanse verowerings in die Suid-Westelike Pasifiese Oseaan het die Japanners voor die poorte van Australieë gebring. Daar is vandag nie beskermende Amerikaanse, Britse en Hollandse besittings ten noorde van Australië nie. Daarby moet voor oë gehou word dat afstand (distansie) 'n faktor is wat in elke Australiese probleem ingryp. Terwyl Yokohama (Japan) slegs 4,300 myl van Sydney verwyder is, is die afstand tussen Nu-York en Fremantle (Wes-Australië) om die Kaap die Goeie Hoop byna 12,000 myl. Ook Liverpool is ongeveer 12,000 myl van Fremantle verwyder. Dit is oor hierdie geweldige afstande dat manskappe en krygstuig uit Amerika en Brittanje na Australië gestuur moet word. Dit moet verder onthou word dat hierdie hulp Australië alleen in beskermde konvooie kan bereik en dat die gemiddelde snelheid waarmee so 'n konvooi vaar slegs van tien tot twaalf seemyle per uur is. Daar kan ook allerhande vertragende faktore, soos 'n vyandelike aanval, intree. Dit alles maak Australië baie geïsoleerd, byna 'n eiland omring van vyande.

As hulp uit Amerika en Brittanje nou eenmaal Australië bereik het, dan is die distansie-probleem nog geensins uitgeskakel nie. Australië self is 'n land van geweldige afstande, met 'n erg oneweredige verspreiding van die bevolking en met 'n baie gebrekkige verkeerstelsel. Dit is miskien nie algemeen bekend dat die Australise spoorlyne drie verskillende wydtes het nie. Dit alles is faktore wat die verdediging van Australië bemoeilik. En tog is dit juis Australië wat as basis, as afspringplek, sal moet dien in die komende Brits-Amerikaanse offensief teen Japan. Hierdie offensief sal egter gou moet kom anders loop Australië en sy sewe miljoen inwoners groot gevaar.

J. A. W.

Pas Verskyn:

Van Aangesig tot Aangesig

**Nuwe Roman van C. M. van den Heever**

*Gevierde Afrikaanse Skrywer*

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe.

Dis Van den Heever se grootste menseskepping. 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.

'n Roman van C. M. van den Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Prys 8/- en 8/6 posvry.*

Bestel van—

DIE KAPPIE-BOEKHANDEL

Spoorbondkasgebou - De Villiersstraat 15

JOHANNESBURG.

*Die Trop Afrikaners . . . .*

**VENTERS**

Algemene Handelaars

Teekamer en Garage

van CAPITOL PARK

(Foon 2-6614)

Is My Handelsplek

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

# Volk Bestaan Uit Gesinne

## Pligte Wat Nagekom Moet Word

(Slot.)

**In ons vorige artikel het ons die waarde van die huisgesin as grondslag van die nasie behandel, en beklemtoon dat die Ossewabrandwag se volksbeleid gebaseer is op die gelukkige en gesonde gesinslewe. Hierdie keer staan ons 'n oomblikkie stil by die pligte van elke Afrikaanse huisgesin. Omdat die gesin van so 'n groot betekenis vir die volk in sy geheel is, verwag die O.B. van sy lede dat hulle waardige gesinslede sal wees en ooreenkomstig ons volkstradisies sal handel.**

### GESINSPLIGTE

**(1) Die Huisaltaar.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle as gesinslede gereeld om die Christelike huisaltaar, met die Skriflesing as bron vir hul geestelike welsyn en eenheid, sal vergader.

**(2) Gesinsdeugde.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle getrou sal bly aan die Christelike sedes en deugde waardeur die gesin tot 'n sedelike eenheid saamgebind is.

**(3) Taal en Kultuur.**

(a) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle die taal, wat hulle aan die knie van hul moeder geleer het, oral en altyd met eerbied sal gebruik, handhaaf en beskerm.

(b) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in hul gesinslewe die taal -en kunsbesit van hul volk vir hulself sal toe-eien en waardeer.

**(4) Opvoeding.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle die opvoeding van die kind in die gesinslewe met die nodige toegewydheid, opoffering en erns sal behartig en dit in geen omstandighede sal verwaarloos nie.

**(5) Lewensverhoudings.**

(a) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in die onderlinge verhouding van kind tot kind hulle as werklike broers en susters teenoor mekaar sal gedra en mekaar se laste sal help dra.

(b) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in die verhouding van kind tot ouer hulle werklik en waaragtig as kinders teenoor hul ouers sal gedra, en hul ouers sal eerbiedig en gehoorsaam.

(c) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in die verhouding van ouer tot kinders, geestelik en stoflik vir hul kinders sal sorg, en leiding gee na die beste van hul vermoë.

(d) Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in die onderlinge verhouding van man en vrou hulle werklik as 'n eenheid van ouerskap tot voorbeeld en leiding van die kinders sal gedra.

**(6) Ekonomiese Verhoudings.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle in hul gesinsverband 'n arbeidsgemeenskap sal vorm wat met die broodwinner aan die hoof deur onderlinge medewerking, steun en aanvulling van al die lede vir homself as gesin sal sorg.

**(7) Die Huis.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle as ouers van die gesin 'n eie huis sal besit wat die tuiste van hul kinders sal wees.

**(8) Die Gesin.**

Die O.B. verwag van sy lede dat hulle as volwassenes in die huwelik sal tree en 'n groot gesin sal word.

### GESINSBELEID AS VOLKSBELEID

**Die O.B. is die draer van 'n gesinsbeleid waardeur die nodige toestande en voorwaardes geskep word vir die getroue nakoming van die gesinspligte van sy lede.**

Dit behels die volgende kernpunte (kyk omsendbrief 2/41).

(a) Die stigting van 'n selfstandige en vrye Christelike republikeinse volkstaat wat nie op die enkeling nie maar op die Afrikaanse gesinslewe gebou is, die struktuur van die gesinslewe aanneem en die belange van die volk as geheel behartig en bevorder.

(b) Die beskerming van die erkende Christelike Kerke as gevestig in 'n Protestants-Christelike volk en die erkenning van hul selfstandigheid in so ver daardeur nie die aanvaarde gesinspligte ondermyn word nie.

(c) Die bevordering van die Afrikaanse taal, kuns en kultuur as volksgemeenskaplike besit soos gedra deur die gesin.

(d) Die daarstelling van 'n volksopvoedingstelsel wat aansluit by die gesinsopvoeding en waardeur elke volkslid in die geleentheid gestel word om sy besondere gawes tot hul hoogste ontplooiing in diens van die volksgeheel te stel en te ontwikkel.

(e) Die beskerming van die maatskaplike eiewaardigheid, eer en plek van elke volkslid binne die volksgeheel in ooreenstemming met die natuurlike lewensordening van die gesin.

(f) Die aanwending en beheer van al die ekonomiese hulpbronne en kragte van die volk deur die aanmoediging van privaat-onderneming binne die volksverband sowel as deur staatsoptrede, indien nodig, ter versekering van die ekonomiese selfstandigheid van die Afrikaanse gesin.

(g) Die versorging en ontwikkeling van die vaderlandse bodem as tuiste van die Afrikanerdom.

(h) Die bestryding van alle magte wat die Afrikaanse gesinslewe verbrokkel, verkneg en verswak.


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

AFRIKAANSE DANSPARTYE
Gereeld elke Vrydagaand
in
ADDERLEYSTRAAT 22
(Regoor Garlicks)
Musiek deur
PEET KRUGER
(Voorheen van HENDRIK SUSAN)
EN SY ORKES.
Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.
Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.
Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.

Schoemannello-Drank
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER LIKEURS: | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN
JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

VAN ZYLS
Hoofstraat - - PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Voorsieners in Sportbenodigdhede
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS
Tak ook op - PORTERVILLE

DIE O.B., WOENSDAG, 17 JUNIE 1942.

# Sy Skokkendste Bewys Vir „Onbekwaamheid"

Onder die ou bedeling van die partypolitiek was dit gewoonte om te wedywer om die hoogste posisie van die land, die Eerste Ministerskap. Met die doel om „in die kussings te kom", is politieke partye gestig wat dan moes dien as strydrosse op die rug waarvan reisies gejaag word na die Eerste Ministerskap. Op dié wyse het die bestuur van die land niks anders as 'n **politieke wedstryd** geword nie. Aanvanklik moes die „planke" in elke party se program van beginsels en program van aksie dien as die kragte waarmee die party aangedryf word op pad na die wenpaal. Later, onder invloed van die vrye pers en vrye meningsuiting, het hierdie „planke" hul eersterangse posisie verloor. Dit was nie skokkend genoeg om groot getalle drywende stemme oor te win nie. Die proses was te langsaam. Die verbeterde tegniek om groter getalle stemme te wen, het hom aangepas by die liberalistiese metodes van vrye spraak. Opruiende toesprake word gehou waarin die gemoedere met allerhande skok-verklarings opgerui word. Daar is egter gevind dat die beste skokmetode dié is wat hom aanpas by die ou-ou swakheid van die mens om na 'n splinter in die teenstander se oë te soek. Dit het dan later ook 'n ware kunstenaar op die gebied van die partypolitiek vereis om met enige hoop op oorwinning deel te neem aan die politieke wedstryd. Die spel het groot redenaars- en uitoorlê-bekwaamheid vereis. Vir iemand wat as 'n kind in die politiek bekend gestaan het, was dit belaglik om aan hierdie wedstryd van geskoolde reuse deel te neem.

**Opleiding vir Stemvee.**

Dit was egter nie net die politici wat 'n deeglike opleiding in die kuns van die spel moes opdoen nie. Ook die stemvee moes geleer word om hulle by hierdie metodes aan te pas. Vir dié doel is die groot dagbladpers in die lewe geroep wat onder die skyn van openbare diens besig was om die volk te leer om reg te reageer op bepaalde prikkels. **Een van die belangrike bydrae van die dagbladpers was om die volk te leer om gou te vergeet.** Die aanhoudende stroom politieke toesprake maak dit vir die gewone leser onmoontlik om noukeurig tred te hou met al die uitlatings. Hy leer naderhand om alles te glo wat hy lees of hoor, al staan dit ook in regstreekse teenstelling met wat hy die vorige dag gehoor het. **Dit is op grond hiervan dat ons die Britse mentaliteit kan verklaar, daardie mentaliteit naamlik, om te glo dat 'n nederlaag eintlik 'n oorwinning is en dat dieselfde ding wat by die vyand verdoem word, as 'n heiligheid in die eie volk aangeprys word.** Hierdie mentaliteit is ongetwyfeld vrug van die eeuelange bearbeiding van die Britse openbare mening deur 'n dagbladpers.

**„Onbekwaam."**

Dit is ook in die lig van hierdie politieke wedstryd dat ons dit moet verklaar dat sulke argumente gebruik word om die onbevoegdheid van 'n teenstander te bewys soos onlangs in dr. Malan se toespraak in Johannesburg, toe hy die volgende uitlating gedoen het:

**„Die O.B. het keer op keer geduinkerk. In verband met die staatsamptenare is daar geduinkerk. Dit het ook gebeur met die baarde van mans en met die witrokke van die vroue. Die verwagtings wat daar van die O.B. gekoester is, is DUS teleurgestel."**

Verklarings soos „Die O.B. is nasionaalsosialisties", „die O.B. wil 'n bloedbad stig" en „Die O.B. is Duitse Sappe" is nie meer skokkend genoeg vir 'n grootskaalse ommeswaai in die volksmening nie. Dit het, ook afgesien van die mislukte Russiese offensief, tans geen propaganda-waarde meer nie — veral nie as die aanklaer self hom tans op Duitsland beroep nie! Nou moet die O.B. se „duinkerk" insake amptenare, baarde en witrokke dien as bewys vir die onbevoegdheid van hierdie volksbeweging! **Dit is die skokkendste besware wat tans teen hierdie beweging ingebring kan word en die grootste grond vir sy „onbekwaamheid"!**

**Van hierdie uitlating van dr. Malan moet noodwendig afgelei word dat die „Volksleier" 'n opstand deur die Ossewabrandwag oor die verbod op staatsamptenare sou verwelkom het, anders hoe kan hy verwyt? Ook moet daarvan afgelei word dat die „Volksleier" 'n rebellie van O.B.-kant oor die aanvalle op baarddraers as 'n aanbeveling vir volksvertroue beskou, en daarvan moet ook afgelei word dat die „Volksleier" 'n bloedbad sou wou gesien het oor die verbod op witrokke** — al het die Regering sy verbod 'n jaar gelede al teruggetrek.

**Bewys die Teendeel.**

Hoewel dr. Malan vandag sy vertroue in die O.B. verloor het omdat hy nie 'n bloedbad wou stig nie — iets waarteen die partyleiers tydig en ontydig gewaarsku het — **is juis hierdie optrede waaraan die „Volksleier" nou aanstoot neem, die bewys van die O.B.-leiding se bekwaamheid, 'n bewys dat die O.B. nie uit onverantwoordelike geweldenaars bestaan wat op bloedvergieting uit is nie.** Die O.B.-leiding was kinderlik genoeg om te besef dat die land nie in 'n ongeluk gestort kan word oor die vraagstuk van amptenare se lidmaatskap nie — nie wanneer daar groter dinge as lidmaatskap van 'n beweging op die spel is nie — al moes hulle dr. Malan hierin teleurstel. Ook was die O.B.-leiding verstandig genoeg om nie die land in 'n bloedbad om te skep omdat 'n paar baarddraers se baarde op onsagte wyse afgeskeer is nie — **selfs al het daardie voorval gelei tot die aanval deur soldate op die Voortrekkerpers se gebou. Die O.B.-leiding het dit verstandiger geag om liewer met honderd man na die gebou te snel en dit vir die Party in beskerming te neem! As dr. Malan oor hierdie optrede teleurgestel voel, is dit nog geen bewys van onbekwaamheid aan die kant van die O.B.-leiding nie.**

Die O.B.-leiding het dit ook verstandiger geag om liewer die verbod op die witrok te ignoreer en die Regering sodoende tot nugterheid te dwing as om daaroor 'n rebellie te stig, al moes hulle dr. Malan daarin teleurstel.

Maar hierdie soort verwytende argumente is nie bedoel om 'n beleid af of goed te keur nie. **Dit is bedoel om as skokke te dien vir die openbare mening. Dit is deel van die metode van die partypolitieke wedstryd om die bewind te bemagtig.** In voetbalterme sou dit „'n pypkan" geheet het. Vandag dra dit egter die gewigtige titel van volksleierskap.

Die Ossewabrandwag sien in hierdie soort wedstryd op die belange-gebied van die volk een van sy eerste pligte om opruimingswerk te doen. In die gesagstaat wat ná hierdie sterwende bedeling tot stand sal kom, **sal volksleierskap en staatsmanskap geen ydele vermaak wees nie, maar 'n verantwoordelike roepingsvervulling in belang van die volk en tot eer van die Skepper.**

# Geweldige Pligte Rus Op O.B.

Die volgende oproep insake Fondsdag is uitgereik deur die A.K.G. van Transvaal:

Die werksaamhede van die Ossewabrandwag brei steeds meer en meer uit en die dienste wat hy vir die Boerevolk lewer, vermenigvuldig by die dag.

Van die begin af het die Ossewabrandwag hom ten taak gestel om te sorg vir die afhanklikes van Afrikaners wat weens hul Afrikaneroortuigings geïnterneer is. **In daardie veld het hy eers alleen opgetree en vir twee jaar lank het die Boerevolk-Noodhulpfonds van die Transvaalse Ossewabrandwag die familielede van geïnterneerde Afrikaners bygestaan.** Die nuwe Noodhulpfonds wat Uniaal is, het in sy kort bestaan reeds meer as sesduisend pond uitbetaal vir noodleniging.

Die insameling van hierdie geld het nuwe en geweldige pligte op ons organisasie gelê en in sommige gevalle was die eise so swaar dat die fondse reeds uitgeput is. As die eenhede van die Ossewabrandwag, die kommando's, sterk is en elkeen sy deel bydra, moet ons Beweging as 'n geheel noodwendig ook sterk word, en daarom wil ons 'n kragtige poging aanwend om die fondse van die Ossewabrandwag dwarsdeur die land te versterk.

Vandag waar ons van alle kante aangeval word, deur Afrikaner sowel as Brit, Jood en selfs Bantoe, staan die Ossewabrandwag nog rotsvas; maar om die Kapitalis te beveg moet ons beskik oor fondse en ons enigste bron is ons lede.

'n Klein opoffering nou sal vir ons in die toekoms baie beteken en kan die deurslag gee tot die verkryging en verwesenliking van ons grootste en skoonste ideaal — ons vrye Republiek geskoei op eg Afrikaanse lees!

Laat elke offisier en brandwag op 8 Augustus sy deel bydra, hoe klein of hoe groot dit ook al mag wees!

J. D. JERLING,
A.K.G., Tvl.

## GENL. C. L. DE JAGER IN HEGTENIS GENEEM

**Die Assistent-kommandant-generaal van die Vrystaat, genl. C. L. de Jager, is verlede week deur die speurders van die Smutsbewind in hegtenis geneem. Die vorige week is twee generaals en 'n paar hoë offisiere van die beweging in Transvaal gevange geneem. Hulle is genls. J. C. J. van der Westhuysen en dr. G. Eloff, hoofkomdt. Uys en komdt. Van Niekerk.**

## „KOPBEEN" VERKIES BO SKOPPENDE ROMP

## UITGEDUNDE GELEDERE VAN H.N. PARTY

Nog verdere bewys hoe die H.N.P. se geledere uitgedun is as gevolg van die Partyleiding se suiweringsbeleid, word gevind in onderstaande oorsig van takke in Fraserburg. Onthou sal word dat die Party in Transvaal feitlik opgehou het om te bestaan, waar in sommige kiesafdelings geen takke oorgebly het nie en in ander net soveel as drie of vier gehawende takke met 'n twyfelagtige kworum oorgebly het. Ook in Kaapland het talle takke opgehou om te bestaan.

Van die H.N. Partytak Klipkraal, Frasersburg, het die sekretaris met vier groepleiers geweier om die O.B. te bedank, sodat die Party net met die voorsitter, ondervoorsitter en drie groepleiers bly sit het.

Van die tak Sakrivier het die ondervoorsitter, die sekretaris, 'n groepleier en sestien van die dertig takslede die O.B. in plaas van die Party gekies.

Van Beukesplaats is berig dat die onderwyksleier, die sekretaris en drie groepleiers geweier het om terwille van hul ampte in die Party hul O.B.-lidmaatskap op te sê.

**Van die vyf groepleiers waaroor die tak Binnefontein beskik het, het vier die O.B. gekies bo die Party. Die voorsitter en ondervoorsitter het ook by die O.B. gebly.**

Op Skilpadfontein was vyf groepleiers. Een het vertrek, en van die vier wat oorgebly het, het net een trou aan die Party gebly. **Drie groepleiers, die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris het besluit om maar liewer by die „kopbeen" te bly.** Hulle glo meer aan 'n volksbeweging as aan die verouderde partypolitiek.

Dit is die posisie in Frasersburg.

Uit Marchand het ons die name van 59 persone ontvang wat as lede van die H.N.P. bedank omdat hulle nie meer kans sien om aan 'n verouderde instelling te behoort wat in sy sterwensnood sy eie kinders probeer uitdelg nie.

# Idee van Gesagstaat Sal Seëvier Ongeag Uitslag van Oorlog

## Stryd van die Volk en nie van Groepe nie: Genl. J. A. Smith

**,,Klem moet gelê word op die huidige posisie waarin ons volk hom bevind met betrekking tot die stryd wat hy te voer het, nl. DAT VOORDAT ONS 'N REPUBLIEK, GESKOEI OP DIE LEES VAN CHRISTELIK-NASIONALISME met die VERLANGDE HERVORMINGS ten einde ons landsvraagstukke behoorlik op te los, verkry, 'n BESLISSENDE STRYD GEVOER MOET WORD tussen die twee TEENOOR-MEKAAR-STAANDE lewensbeskouings van die liberalisme, enersyds en die volks-sosialistiese idee andersyds," het genl. J. A. Smith verlede Vrydag op 'n vergadering in Observatory gesê.**

Die toestand onder die tans heersende liberalistiese opvatting wat die verdeling van die volk in politieke party-groepe duld en aanmoedig, sowel as die huidige ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, **vereis 'n volkome deurgevoerde herskepping** van die grondslae en instellings van ons **staatkundige, ekonomiese en maatskaplike lewe.**

Dit vereis 'n **algehele omwenteling** op die basis van 'n christelik-nasionale republikeinse gesagstaat **ooreenkomstig die beginsels en beleid van 'n egte nasionale sosiale aard.**

Hierdie beginsels is saamgevat in die manifes van die Grootraad, soos onlangs gepubliseer, wat hulle aanpas by die lewenswyse, morele opvattings en godsdienstige beskouings van ons Afrikanervolk, en wat streef na die hoogste en **mees algemeen uitgebreide mate van volksgeluk** en **volkswelvaart,** beide **geestelik** en **stoflik.**

Dit is, soos ek 'n jaar gelede by die ontbranding van die stryd van die beroepspolitici teen die Ossewabrandwag te Parow verklaar het, die begin van 'n ideologiese stryd wat al heftiger sal word omdat dit **die botsing is van twee teenoor-mekaar-staande en daarby onversoenbare beskouings.**

En gedurende die jaar van inwendige stryd in Afrikaner-geledere wat verloop het, is hierdie verklaring maar al te tekenend deur feite bewaarheid.

Die stryd duur nog steeds voort en sal bly voortduur ondanks alle kunsmatige pogings tot beëindiging daarvan, totdat die omwenteling voltooi is.

**Hierdie omwenteling,** soos die Hervorming van eeue gelede, is 'n **geestelike omwenteling,** 'n **bekering** tot die groot **Christelike idee van broerskap,** samesnoering van Afrikanerharte in teenstelling met verbrokkeling deur groep- en partyformasies en die jaag na persoonlike voordeel en partywins ten koste van volksbelang.

Die **draer** van die innerlike **volksgees** en **lewensbeskouing,** en **juis daarom** die **uitdrukking** van die **volk** se **rigting** en **toekoms,** is die republikeinse volksbeweging, die O.B. met sy wekroep: ,,EEN VIR ALMAL EN ALMAL VIR EEN".

### TWIS OOR METODE

Voordat ons dus die einddoel bereik, voordat ons kan dink aan die behoorlike oplossing van ons landsvraagstukke, sal ons 'n beslissende stryd moet voer tussen die teenoor-mekaarstaande lewensbeskouings. Wat vind ons? Dit, dat daar nog voortdurend en met veel vasberadenheid twisappels deur liberalistiese partymanne in ons midde gewerp word, o.a. **oor die metode wat aangewend moet word tot vrymaking van die volk.**

**Die uitsluitlike metode wat hulle bepleit, is die ou party-politieke kandidaatstelling, die opposisie-maak-metode as die enigste, en geen ander, ondanks watter omstandighede die geleentheid vir vrywording ook mag vergesel.**

Asof in die tydperk tussen die oomblik waarop die beslissing in hierdie oorlog val, en dié waarin die wapenstilstand-voorwaardes voorgeskryf word wat die lotbestemming ook van Suid-Afrika sal bepaal òf as blywende deel van die Empaaier òf 'n vrye land buite die Empaaier, **kandidaat-veldtogte en 'n daaropvolgende verkiesingstryd met sy twyfelagtige uitslag moontlik sal wees, en daar nog tyd en geleentheid vir 'n kruisie-kampanje gelaat sal word.**

Ons en **niemand** ter wêreld **kan sê watter middel** of middels op 'n gegewe oomblik nodig mag wees vir die volk, behalwe een en onverbiddelike, nl. saamstaan en deur saam te staan, saam op te tree na gelang van omstandighede.

Daarom sê ons:

Die O.B. wil die volk inwendig gekonsolideerd en gedissiplineerd as 'n eenheid so voorberei dat hy vir wat ook al mag gebeur sterk en magtig genoeg sal wees om enige geleentheid wat hom mag voordoen, of wat hy deur sy voorbereiding self mag skep, aan te gryp om hom vry te maak en om enige metode of middel en alle moontlike stappe te doen wat die omstandighede mag bepaal as die geleentheid vir vrywording hom mag voordoen.

As omstandighede dit so mag bepaal, **sal ons 'n aanbod van ons vryheid van enigeen wat dit as oorwinnaar in die oorlog mag doen, nie van die hand wys nie,** net omdat ons nie eers na die stembus gegaan het om te sien watter partyman verkies word met die bepaling vooraf, soos politici verlang, dat hy nie lid van die O.B. mag wees nie, maar 'n ,,rotsvas"-staner agter die of daardie ,,gevierde" kronkelganger-politikus. **Dit is 'n volkstryd en nie 'n politieke groepstryd nie.**

**As 'n volkstemming die middel mag wees, wat omstandighede mag bepaal, laat die volk sy stem hoor met of sonder kruisie een en almal,** solank ons maar ons vryheid bekom, sodat ons 'n Afrikaanse republiek op gesonde staatkundige, ekonomiese en maatskaplike grondslag kan stig.

### OMWENTELING SAL KOM

Laat ons egter een ding onthou en nie teleurgestel wees as die vrede mag kom anders as ons verwag het nie:

**Die huidige oorlog hoef nie noodwendig die win of verloor vir ons in ons stryd te wees nie.**

Die oorlog is maar die **uiterlike fisiese** woeling van die innerlike geestelike worsteling in die proses van omwenteling, die wêreldhervormingsomwenteling tot herskepping van die grondslae en instellings van ons staatkundige, maatskaplike en ekonomiese bestaanslewe.

Op die drempel van hierdie onstuitbare rewolusie staan ook ons volk. **Die omwenteling sal intree ook onder volke in die demokratiese lande, of hulle die sterkste in wapengeweld mag wees, of nie.**

Of die Empaaier en Amerika op die slagveld wen of nie, die liberalistiese demokrasie gaan in daardie lande uitgewis word net so seker soos hier en soos hy reeds uitgewis is op die vasteland van Europa.

**Die idee van 'n nasionale gesagstaat gaan seëvier, en in Suid-Afrika een van 'n egte nasionale sosiale aard.**

Omdat dit 'n ideologiese omwenteling is, waarbuite die Afrikaner met sy Christelik-nasionale lewensbeskouing nie kan en durf staan nie, sê ons dat ons weier om ons in liberalisties-demokratiese geledere te laat opstel en onsself tot vyande te verklaar van dié nasies teen wie hierdie Imperialisties-kapitalistiese moondhede veg. Daarom sal ons nie ons vryheid weier uit die hand van enige moondheid wat veg teen die ou liberalistiese wêreldorde nie.

(Vervolg op voet van volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Hulle is ons vriende.

**Ons soek ons vryheid buite die Ryk, buite bereik van die groot geldmag, buite die liberalistiese regeringstelsel, buite die volksverbrokkelende gees en invloed van die Parlementêre partystelsel.**

## BLOEDVERBASTERING EN SPRAAKVERWARRING

(DEUR DS. T. N. HANEKOM.)

,,In die dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammanitiese, Moabitiese vroue getrou het. En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook; maar hulle kon geen Joods praat nie." (Neh. 15: 23, 24.)

Wat ons in hierdie verse lees bewys hoe ,,laat" dit reeds was in Jerusalem en hoe treurig. In die uur van sy vernedering het vreemdes uit alle oorde, soos aasvoëls Palestina binnegestroom om te deel in die ryke buit. En hulle het daar gebly. Begryplik! Dit was seker baie beter daar as in hul eie land. Ook hul broers en susters het op hulle aanbeveling verhuis na hierdie nuwe ,,Kolonie", en so is die land oorstroom met baie nasies en baie tale.

Maar Nehemia vind geen fout met hierdie mense in die eerste plek nie. Hy kan hul optrede begryp, miskien selfs verskoon. Hulle kan dit tog ook nie help dat hulle heidene is nie. Dit is hulle ongeluk maar nie hulle fout nie. Die uur van die Sending het nog nie geslaan nie! Maar wat Nehemia eenvoudig nie kan verstaan en nooit sal verdra nie, is die feit dat sy eie volk homself so verlaag en verneder. Met hul vryheid het sy volksgenote blykbaar meer verloor; ook hul nasietrots, selfrespek en nasieliefde is daarmee heen. Daarom trou hulle met die vroue uit Asdod en Moab. En hulle kinders praat Asdodies — ,,of die taal van watter volk ook al." Op die bloedverbastering volg 'n Babelse spraakverwarring. O! die misdade van die Vaders!

Hierdie toestand van volksverval het vir Nehemia diep in sy hart gegryp. Hy sien daarin nie maar net 'n ,,probleem" nie. Allermins 'n politieke vraagstuk. Dit het met politiek niks te maak nie. Nee, dis vir hom 'n verraad teen sy volk; dit is sonde — ,,'n groot kwaad teen God." Dis 'n skending van die ewige ordinansies van God! Elke nasie het sy eie bloedstempel en sy eie taal. Wie sy bloed verbaster en sy taal versmaai, verlaat die pad waarop die Here hom geplaas het en versmaai die wegwysers wat God geplant het op 'n volk se pad. Want daarop staan duidelik geskrywe: ,,Pasop vir die vreemde vrou. En wat geskrywe is, is geskrywe." En God het self met mense gepraat en laat praat in ,,hulle eie taal" (Hand. 2). En wat die Here doen is goed, volmaak, heilig! Maar hierdie Jode van Jerusalem was kleurblind en klankdoof. In hul lewe is sigbaar afgebeeld die groot smaad en smart wat oor Israël gekom het; en die vernedering en die skande! Hulle het geword die laagwatermerk in hul volk se lewe! So het Nehemia dit aangevoel en daarom sy stamlys en volksregister opgestel om hulle af te sonder en te brandmerk.

Ek het my lesers vir 'n lang tyd besig gehou met hierdie gedagtes van Nehemia, en sluit nou hiermee af. Dit was maar praatjies, haastig opgestel — maar tog nie my bedoeling om politiek te praat nie. Dit is nie my roeping nie en ook nie nodig nie. 'n Volk kan groot word en hoog lewe sonder politiek — veral sonder partypolitiek! Maar nooit, nooit kan en sal 'n volk groot wees sonder sedelike reinheid, sonder geestelike adel, en sonder geloof in God. Veral nie ons Boerenasie nie! En ons wat nog jonk is, moet dit ter harte neem en daaruit wysheid leer. Dit is die boodskap van Nehemia vir sy tyd — toe die mure stukkend was en die poorte verbrand; toe die altare in puin gelê het tussen die bouvalle van die heilige stad. Maar dit is ook die boodskap van die Bybel vir alle tye, ook vir ons hier en vandag. God praat met elke volk in sy eie taal. Maar wat dan omtrent diegene wat hul eie taal nie meer verstaan nie?— (Uit Die Matie.)

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!

*Fondse oorskry £1,800,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

TE KOOP
*Opreg en Suiwergeteelde*
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
*Pryse Billik!!*
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3838
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

# Bloemfontein Bring Hulde Aan Slagoffers Van Moordkamp

**Geskaar om verwaarloosde grafte van vroue en kinders wat in die konsentrasiekamp te Bloemfontein in die worstelstryd van 1899-1902 omgekom het, het 'n paarhonderd lede van die Bloemfonteinse hoofkommando Sondagmiddag, 31 Mei, hulde gebring aan hul nagedagtenis en rou betoon oor ons verlore vryheid.**

In stilte en diepe ontroering het 'n moeder wat self 'n kind in die Bloemfonteinse kamp verloor het, namens die vroue 'n krans gelê waarna 'n vrou wat as kind die smarte van die kamplewe in dieselfde kamp gesmaak het, namens die kinders 'n krans gelê het. Hierop het brandwag Venter die plegtigheid van die oomblik verhoog deur op besonder indrukwekkende wyse ,,Rus der Vermoeide'' op die fluit te speel. Blomme, tere blyk van hulde en eerbied, is daarna deur die vroue en kinders wat teenwoordig was, op die onbekende naamlose grafte gelê van diegene wat vir hul volk se vryheid gely en gestry — ja, gesterf het. Opnuut is gevoel dat waar hulle die hoogste offer gebring het, ons almal bereid moet wees om dieselfde te doen.

Generaal A. F. Schmidt wat die verrigtinge gelei het, het ds. I. D. Krüger versoek om voor te gaan met Skriflesing waarna ds. P. Boshoff 'n woord ter opbeuring en aanmoediging gespreek het. Waar ons vandag deur diepe waters gaan, net soos ons volksgenote veertig jaar gelede die smeltkroes moes deurmaak, daar moet ons ook by Hom ons lig en krag soek, het ds. Boshoff verklaar. Ten slotte het ds. Krüger 'n kragtige gebed gedoen.

Die teenstelling tussen die grasoorgroeide, uiters verwaarloosde voorkoms van die grafte van die slagoffers van die konsentrasiekamp en die netjiese paadjies en goedversorgde netheid van die ander grafte in die kerkhof, het die gemoed met droefheid en 'n mate van bitterheid vervul. Op hoe 'n wyse word ons helde tog nie geëer nie!

## WAARSKUWING BEVESTIG?

Verlede keer het ons dit nodig geag om O.B.-lede te waarsku teen 'n organisasie aan die Rand wat deur persone gestig is wat die O.B. nie goedgesind is nie, en blykbaar onwettighede pleeg met die doel om die blaam op die Ossewabrandwag te plaas.

Intussen het 'n berig in die pers verskyn van 'n jongman wat skuldig bevind is op drie aanklagte van motordiefstal en huisbraak. In sy getuienis het hy verklaar dat hy lid geword het van 'n **politieke organisasie** en 'n eed afgelê het om alle bevele uit te voer. Die motor wat hy moes verskaf, is deur ander lede van die organisasie gebruik. **Ten ontwoord op 'n vraag van die staatsaanklaer het hy gesê dat die organisasie nie die Stormjaers is nie.**

## VERGADERINGS GEHOU OP WORCESTER EN PRINS ALBERT

Op Vrydag, 5 Junie, het genle. mev. J. S. du Toit 'n vergadering van hoë offisiere van die kommando's uit die omgewing van Worcester, Robertson, Goudini, Ceres, Wolseley, Montagu en Bonnyvale toegespreek in verband met die organisering van Fondsdag op 8 Augustus. Genle. Du Toit was besonder aangenaam verras oor die hoë geesdrif wat daar vir die saak geheers het.

Die volgende dag het sy en hoofkomdt. J. de Vos 'n goed geslaagde vergadering op Prins Albert onder voorsitterskap van komdt. H. L. Oosthuysen toegespreek. Die opkoms was goed en o.a. was teenwoordig genl. H. J. du Toit van Beaufort-Wes. Sommige mense het so ver as honderd myl ver gekom. Die sprekers is bedank deur hoofkomdt. J. J. le Roux.

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 9-7184.
VIR
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

O.B.-Skryfblokke
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

GEVRA
50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.
VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| Gemaalde mis | 29/- |
| Mis en misas gemeng (Potas-mengsel) | 39/- |
| Misas (Potas) | 39/- |

Bostaande pryse algar per ton van **twaalf** goeie sakke gelewer vry op spoor Klipplaat-Stasie. Die mis is droog hamermeul-gemaald spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. **Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.**

B. J. ROODE
Posbus 15 KLIPPLAAT

# Politieke Propaganda Onder Aangeklaagdes

**Na verneem word, is 'n prominente lid van die Randse Vroue-raad van die Herenigde Party verlede week op versoek van die aangeklaagdes in die hoogverraadsaak deur die Polisie gevra om nie weer na die selle te kom nie. Na verklaar word, maak hulle beswaar daarteen dat sy ,,politieke propaganda" onder hulle versprei of ,,politieke munt" uit hulle posisie probeer slaan. ,,Ons waardeer alles wat in ons huidige omstandighede aan ons gedoen word en neem dit aan as blote goedheid, maar sal nie toelaat dat enige politieke propaganda uit ons huidige onbenydenswaardige posisie geslaan word nie," sou 'n woordvoerder in hierdie verband gesê het.**

## BOODSKAP VAN DR. MALAN

In Johannesburg het dr. D. F. Malan, leier van die H.N. Party, op 30 Mei jl. aan die gevangenes en geïnterneerdes die volgende boodskap gegee: ,,Ons sal hulle wat vir julle dierbaar is en wat in die nood verkeer, nie vergeet nie. Hiervan is die Party die waarborg. Ek en die ander leiers kon nie vir die hongerstakers hierdie wyse van optrede aanbeveel nie, maar die boodskap aan hulle is dat hulle deur hul optrede die gewete van die volk wakker gemaak het."

## SOEK VERKLARINGS BY VERVOLGDE AFRIKANERS

Dit het tot ons ore deurgedring dat 'n sekere partypolitikus en vooraanstaande lid van die H.N.P. op 'n naarstige soektog is na vervolgde Afrikaners. Sy bedoeling is glo om die ongelukkiges op te spoor en verklarings van hulle teen die Ossewabrandwag af te dwing. Dit wil egter voorkom of sy pogings nie met veel sukses totsover bekroon is nie.

## VERKLARING ONDER DWANG

Ons vestig die aandag van ons lesers op die verklaring van die Kommandant-generaal op Standerton waar hy verwys het na die geval in Nelspruit, Transvaal, **waar 'n persoon wat aangekla was dat hy drade sou geknip het, in die magistraatshof getuig het dat hy 'n verklaring waarin hy skuld erken het, gedoen het onder dwang van buite. Die magistraat het hom onskuldig bevind en ontslaan.**

## ,, TERUG NA 3 JUNIE."

### Dr. Malan se Uitdelgingsywer Na 'n Jaar Uitgewoed?

Waar dr. D. F. Malan tans, na 'n jaar van oorlogswoede, 'n beroep op sy volgelinge doen om terug te keer tot die grondslag van die Eenheidsfront van 3 Junie 1941, is dit nodig om kortliks stil te staan by die gebeurtenisse indertyd en daarna.

Hoe is daardie Eenheidsfront wat op 3 Junie te Bloemfontein aangekondig is, indertyd bereik? En waarom is dit nie gehandhaaf nie?

Weke en maande wat die aankondiging van die Eenheidsfront voorafgegaan het, is die stappe tot voorbereiding daartoe, nie van Partykant nie, maar van die kant van die Volksorganisasies in die destydse Beleidskomitee gekoördineerd, getref.

Die inisiatief het van hulle uitgegaan wat die Eenheidsverklaring onder leiding van prof. L. J. du Plessis, onderteken deur dr. J. F. J. v. Rensburg, namens die O.B. en die leiers van die ander volksorganisasies, **as 'n uitnodiging tot die H.N. Party gerig het.**

In daardie verklaring bied genoemde organisasies hul samewerking, gegrond op bepaalde beginsels, aan en sê:

,,Vir ons as leiers van vername volksorganisasies is dit duidelik dat ons nie onverskillig mag staan teenoor die politieke strewe van die volk nie . . . Daarom het ons besluit om nie afsydig te staan nie, maar om in die kritieke tydsgewrig waarin ons volk hom bevind, daadwerklike medewerking aan die partypolitieke leiers aan te bied, oral waar dit vraagstukke van fundamentele belang vir ons volksbestaan geld."

Dan volg die beginsels as grondslag vir 'n nuwe staat en besluit die oproep tot die Partyleiers: **,,Ons doen dit met die bedoeling dat die eenheid, verder verstewig en uitgebrei sal word,"** n verder dat ,,ons van die partypolitieke front nie alleen 'n duidelike antwoord sal ontvang nie, maar ook, in geval van 'n gunstige antwoord, geleentheid tot volle medewerking sal verkry, met behoud van ons volle selfstandigheid."

Die dag voor 3 Junie, waarna dr. Malan verwys, het die verteenwoordigers van hierdie organisasies dr. Malan, bygestaan deur ander party-politici, ontmoet en na samespreking die Eenheidsfront gestig.

Dr. Malan het hierdie Eenheidsverklaring mondelings en daarop skriftelik aanvaar met die volgende woorde en sonder enige voorbehoud: ,,Ek het u verklaring namens genoemde volksorganisasies ernstig en sorgvuldig oorweeg en aarsel vir geen oomblik om dit heelhartig te aanvaar nie."

Op 3 Junie is die stigting van die Afrikanereenheidsfront op die Uniale Kongres van die H.N. Party met akklamasie aangekondig en aanvaar. Daarop is die Eenheidskomitee gekonstitueer.

Nie twee maande later nie, hou dr. Van Rensburg 'n redevoering te Elsburg waarin hy waarsku teen tekens van verdeeldheid wat hulle binne volksgeledere begin openbaar. Hy waarsku teen uitruikery of ,,ketterjag" soos hy dit noem en beklemtoon die eenheidsleiding van die O.B. deur te verklaar dat almal wat volkome Afrikaans- en republikeinsgesind is, wat die beginsels vervat in die Eenheidsverklaring onderskryf, of hy homself 'n Nasionaal-sosialis noem of nie, **welkom is in die O.B.**

Hierdie kragtige verkondiging van groter volkseenheid is van partykant aangegryp as die oorsaak van oorlog teen die O.B. by wyse van 'n ultimatum uitgereik deur dr. Malan. Toe hy nie sy sin kry nie, is die Eenheidskomitee deur hom verwerp. Die Eenheidsfront is verbreek en die volk in twee kampe gedryf. 'n Kwaai stryd wat gelei het tot die uitskopbeleid van O.B.-lede het gevolg.

Later, in plaas van die Eenheidsfront, stel dr. Malan 'n sogenaamde Nasionale Komitee toe voor. Omdat die O.B. ook wenke aan die hand gedoen het insake die samestelling van die voorgestelde Nasionale Komitee **en wenke wat in beginsel ooreenkom met die Eenheidskomitee se stigting op die vooraand van 3 Junie,** waarna dr. Malan nou in sy Johannesburgse toespraak verwys, is die wenke van die Grootraad deur hom as 'n ,,verwerping" van sy voorgestelde Komitee bestempel, o.a. omdat die samestelling van die Komitee, soos deur die Grootraad aan die hand gedoen, nl. regstreekse verteenwoordiging van die volksorganisasies soos die Party, dieselfde sou wees as die Eenheidskomitee wat hy nou eenmaal beslis verwerp het.

Terug na die basis van 3 Junie het hy beslis geweier om te gaan.

Wat, vra ons, het dan intussen gebeur dat dr. Malan nou weer dink aan die Eenheidsfront van 3 Junie, te Bloemfontein?

**Besef hy nou eindelik hoe hy al die tyd besig was om die Eenheidsfront van 3 Junie te breek? Nie dit alleen nie, maar hoe hy sedertdien die H.N. Party in stukke en flarde geskeur en absoluut magteloos as 'n strydmiddel op die Party-terrein gemaak het?** Magteloos aan die voete van die vyand lê die Party — die leiding waarvan hom op 3 Junie toevertrou was.

Besef hy nou nie dat hy daardeur die vertroue verbeur het nie? Vir daardie leiding van volkseenheid was hom die medewerking van al die volksorganisasies toegesê.

Terug na 3 Junie, kom nou sy oproep, na al die bitterheid en tweedrag wat hy deur sy ultimatum en uitskopbevele veroorsaak het.

Terug na 3 Junie was, ondanks sy strydvoering, nog steeds die oproep van die O.B.-leiding totdat hy, dr. Malan, hulle wat wou terug na die Eenheidsfront van 3 Junie, ,,rampokkers", genoem het en hy en sy pers hulle aangekla het, soos die Jingo's dit doen, as mense wat alleen in die tronke en konsentrasie-kampe behoort te beland.

Dis 'n skrale troos inderdaad vir hulle wat in die tronke sit, daardie oproep met die belofte van ,,ons sal julle nie verwyt nie."

Ons vra dr. Malan, sê ons hoe die ,,rampokkers" vanuit die tronke en elders die weg, terug na 3 Junie, met ,,behoud van hul volle selfstandigheid" soos op 3 Junie bepaal is, moet kies as O.B.-lede, want dit sal hulle bly soos alle O.B.-lede, en **moet** hulle bly om weer die Eenheidsfront van 3 Junie te herstel?

Ons versoek almal om weer die brosjure: Eenheidsverklaring (Hoe eenheid bereik is), gepubliseer op gesag van drr. Malan en Van Rensburg, nog 'n keer te lees, nie die verdraaide persverslae van daardie kongres nie, waarvan met toestemming van dr. Malan persoonlik in die gesamentlike eenheidsverklaring die volgende in die inleiding gesê is:

**,,Omdat hierdie kongresbesluit en die daarby behorende verklaring van die O.B. in die meeste persverslae nie suiwer weergegee is nie, word op hulle hier besonderlik die aandag gevestig."**


K·W·V



U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur

Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.

Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.

K·W·V

(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)
Die Paarl, K.P.

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:
H. J. NIEHAUS,
Posbus 2108, Kaapstad



VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

# 8 Augustus

Dit was nog met die klanke van die sogenaamde verkiesingskote van Mei 1938 in ons ore dat ons volk op 8 Augustus rondom die Ossewaentjies van die A.T.K.V. in Kaapstad vergader het. In daardie donker verkiesingsdae toe die partystryd tussen Afrikaner en Afrikaner so hoog opgevlam het dat dit geskyn het of die toekoms hom vir ons volk vir altoos gesluit het, het menige denkende Afrikaner 'n gevoel van magtelose wanhoop oor hom voel kruip. Alleen nog 'n wonderdaad van God Almagtig kon ons uit die moerasse van die partypolitiek red. Daardie wonderwerk het ook nie uitgebly nie. Soos 'n oase in 'n baie dor woestyn het die Eeufeesvierings rondom die Ossewaentjie 'n verkwikking gebring.

Afgesonderd by sy eie kultuurgoedere en weg van die verdelende en verlokkende klanke van die partypolitieke fluitspelers het ons volk sy innerlike eenheid hervind. Die eenheidsdrang het 'n nuwe grondslag gesoek: nie meer partypolitieke eenheid nie, maar waaragtige volkseenheid gebaseer op die vryheidstrewe van die Afrikanerdom.

Nog gedurende die Eeufeesvierings is gesoek na bestendiging van hierdie eenheid in 'n nie-partypolitieke volksbeweging. Dit is gevind in die Ossewabrandwag, wat geword het die grootste Afrikaanse organisasie wat ons volk ooit geken het. Verlaas nog het die partypolitiek sy verwoestingswerk in ons volk verrig toe hierdie prag-organisasie terwille van partypolitieke haarklowery geskeur moes word. Maar die herinnering van 1938 en die drang na eenheid was nog te sterk om hierdie poging te laat slaag. Die Ossewabrandwag het gekom om te bly en te bevry.

Die stryd het egter baie energie en middele geverg. Te midde van kapitalistiese praktyke moes die O.B. 'n stryd teen die geldmag voer. Tot tyd en wyl hy in staat gestel word om die kapitalisme te breek, moet hy hom bedien met geldelike middele.

Die oproep van die Kommandant-generaal om Fondsdag te hou op 8 Augustus, het dus 'n tweërlei doel. Ons gaan op daardie dag die eenwording van die Afrikanervolk herdenk en biddend opsien tot die God van ons vadere om sy weg met ons te voltooi. Maar van ons kant gaan ons die wil openbaar om te stry en te oorwin. Ons gaan ons beweging sterk met alle middele tot ons beskikking om also gewapend die stryd om vryheid seëvierend te volvoer.

## LOF VIR O.B. SE VLAG

By geleentheid van dr. Malan se vergadering in Johannesburg voorverlede Saterdag, het die Randse Vroueraad namens die vroue van Suid-Afrika 'n vlag aan dr. Malan in 'n leertas geskenk vir bewaring om dit op die dag wanneer die Republiek tot stand kom, te hys. **Hierdie vlag is die amptelike vlag van die Ossewabrandwag en bestaan uit groen, oranje, wit en blou.**

Dr. Malan het o.a. as volg geantwoord, volgens verslag in Die Burger: **,,Daarom is ek vanaand bly dat die simbool van die toekomstige vryheid van die Afrikaner gebaseer is op die ou Vierkleur — verbeter en verheerlik. Dit is nie alleen 'n simbool van die ou stryd om die nasieskap in die jare toe die volk in die dood gegaan het nie, maar dit beteken ook dat die volk bly leef het en dat hy weer vry gaan word.''**

GOUE MEDALJE VRUGTEBOME
(Julie-Augustus planttyd)

Duisende Planters vanaf Kaap tot aan Sambesie geniet die vrug van hul arbeid met **HERHOLDT** se beroemde bome, — hulle groei, dra en stel tevrede! **JUBILEUM,** ons gevierde ,,Kersfees Elberta,'' enorme draer wanneer ander Perskes faal. **HERHOLDT'S X.B.,** ons nuwe prok selfkleurige geelvleis, ryp vroeg Januarie, smaak van Tvl. Geelperske. £7-10-0 per 100. **SUIKERBOSSIE** — die lekker verbeterde Parwee, 5/- elk. Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elbertaperskes. Appelkose, Pruime, Nektariene, Kwepers, Appels, Granate, Vye, vroeg tot laat soorte vanaf 1/-. Pere, Kersies, Okkerneute, Moerbei, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Aanvraag groot, bestel sonder versuim.
Geïllustreerde Katalogus gratis.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.

## HUISVESTING VIR UITGESKOPTES

Ons het verskeie briewe ontvang van boere wat gewillig is om huisvesting te bied aan uitgeskopte Afrikaners wat anders by die leër sal moet gaan aansluit. Hulle verdien alle dank, maar ons wil nogmaals 'n beroep doen op Afrikaners wat in staat is om vir die duur van die oorlog hulp te verleen aan ,,vrygestelde'' Afrikaners.

Aan die ander kant doen ons 'n beroep op sulke uitgeskoptes om gebruik te maak van die aanbod van hulp. Dit is geen skande om te werk nie, en deur op boereplase vir die duur van die oorlog arbeid te gaan verrig, beteken 'n diens aan die vaderland gelewer. Dit sal nie meer lank wees nie en u is gered vir u volk . . . Ná die oorlog sal afgereken word met diegene wat ander teen hul sin in die oorlog wil stoot, terwyl hulle self agter by die veilige tuisfront sit.

## VOORSPELLING BEWAARHEID?

### Stembus-Politikus Kan Geen Vryheid van Hitler Vra

Op 18 Februarie hierdie jaar, dus vier maande gelede, het ons ons aan die volgende voorspelling gewaag na aanleiding van dr. Malan se toespraak op Piketberg:

,,Volgens die Britse pers is Hitler besig om 'n groot lente-offensief voor te berei. Vir mense wat nie veel van oorlog af weet nie, lyk 'n offensief — of dit nou 'n winteroffensief soos dié van die Bolsjewiste is, of 'n lente-offensief soos die voorgestelde Duitse — na 'n oorwinning. **Soos ons die partypolitiek ken, sal die Partyleiers in so 'n geval weer begin met 'n eenheidsoffensief teen die Ossewabrandwag in die vorm van nasionale komitees om daardeur by die ,,oorwinnaar'' die indruk te skep dat dit eintlik hulle is wat die volk òf verenig het òf alles gedoen het om hom te verenig.''**

Dr. Malan se toesprake in Johannesburg en Pretoria het bewys dat ons kennis van die partypolitiek ons nie in die steek gelaat het nie. Duitsland het met sy offensief begin en die eerste uitslae het getoon dat hy nie deur die Russiese offensief in die winter vernietig is nie. **Presies in ooreenstemming met die aard van die partypolitiek praat dr. Malan nou nie meer van die stembus nie, maar vry hy nou weer na Duitsland met die oog op die republiek!** Uit dr. Malan se toespraak skemer dit ook deur dat hy na 'n grondslag vir eenheid soek. **Nou dat dit begin lyk of die Ossewabrandwag reg was in sy voorspelling dat die republiek nie by die stembus verkry sal word nie, is dr. Malan gewillig om eenheid te soek, maar dit moet gebeur onder sy ,,volksleierskap''.**

Die Ossewabrandwag sal eenheid verwelkom, maar die volk moet goed verstaan dat indien hy begeer om sy vryheid van Duitsland te ontvang, **hy nie iemand kan stuur om dit te vra wat Duitsland tydens die Europese winter verloën en beskuldig het van inmenging in Suid-Afrikaanse aangeleenthede nie! Dit is 'n gewigtige saak wat die middelpunt sal vorm vir enige poging tot eenheid.**

O.B. Almanak
vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 9d. POSVRY
6/- PER DOSYN

O.B. MUSIEKBUNDELS
2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.

Bestel van
O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, TVL.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 3,432 | 9 | 3 |
| Mnr. J. F. Theron Tulbagh | 5 | 0 | 0 |
| Mnr. A. W. Jordaan Tulbagh | 2 | 10 | 0 |
| Mnr. M. B. White, Robertson | 2 | 10 | 0 |
| Papendorp Vroue-Kommando aanvullend Lys 456, Woodstock | 4 | 15 | 0 |
| Lys 360 Riviersonderend | 4 | 10 | 0 |
| | £3,451 | 14 | 3 |

### TRANSVAAL SE BYDRAE

Die volgende is die bedrae van die verskillende Generaalskappe in Transvaal tot 31 Mei 1942 ontvang:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Generaalskap 1 | 527 | 13 | 7 |
| ,, 2 | 209 | 12 | 6 |
| ,, 3 | 422 | 19 | 6 |
| ,, 4 | 429 | 11 | 2 |
| ,, 5 | 421 | 6 | 5 |
| ,, 6 | 794 | 19 | 0 |
| ,, 7 | 191 | 7 | 1 |
| ,, 8 | 157 | 5 | 3 |
| ,, 9 | 221 | 14 | 9 |
| ,, 10 | 397 | 6 | 7 |
| ,, 11 | 146 | 19 | 2 |
| ,, 13 | 38 | 14 | 0 |
| ,, 14 | 38 | 16 | 4 |
| Algemeen | 843 | 18 | 2 |
| Totaal | £4,842 | 3 | 6 |

Die volgende verdere bydraes in Transvaal tot die fonds is aan ,,Die O.B.'' bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds ontvang | 4,842 | 3 | 6 |
| Kwitansie 2239. Bydrae | 3 | 0 | 0 |
| ,, 2240. Kommando 2A4 | 3 | 4 | 0 |
| ,, 2241. Generaalskap 11 | 10 | 7 | 0 |
| ,, 2242. Kommando 9C3 | 6 | 17 | 2 |
| ,, 2243. Bydrae Britten | 25 | 10 | 0 |
| ,, 2246. Hoof-kommandantskap 2B | 3 | 12 | 6 |
| ,, 2248. Bydrae | 1 | 0 | 0 |
| ,, 2249. Kommando 3C5 | 7 | 10 | 6 |
| ,, 2250. Kommando 4B4 | 8 | 8 | 8 |
| ,, 2251. Kommando 3C1 | 5 | 7 | 6 |
| ,, 2252. Kommando 1C6 | 12 | 13 | 6 |
| ,, 2253. Kommando 4B5 | 3 | 16 | 0 |
| ,, 2254. Bydrae | 4 | 0 | 0 |
| ,, 2255. Generaalskap 12 | 205 | 19 | 8 |
| ,, 2259. Kommando 7A1 | 49 | 8 | 6 |
| Totaal | £5,192 | 18 | 6 |

*Geklassifiseerde Advertensies*

GEBOORTE

RUDMAN. — Aan mnr. en mev. Ray K. Rudman (neé Marais) 'n dogter. Albei gesond. Pietermaritzburg, 8/6/42.

IN MEMORIAM

NOLTE:— Met innige verlange herdink ek die sterfdag van my vader op 13 Junie 1936.

,,Oorkant die water blinkend en bly
Sien ek 'n Vader, wag hy op my.''

MAGARETHA BASSON.
Moravia. (Geb. Nolte).

GELUKWENSING

DIE PRIESKA KOMMANDO'S wens langs hierdie weg hulle hartlike gelukwense te bring aan mej. du Toit en Hoof-Kommandant de Vos, by geleentheid van hulle verlowing en wens hulle alles van die beste toe vir die toekoms.

TE KOOP

18 RAMMETJIES geteel van opregte Romney Marsh Ram, by gekruisde Merino Afrikanerooie. Mooi, sterk, gesonde en konstitusie-skape. Ongewissel, op veld geteel. Prys £3 stuk, k.m.b., gelewer Emmaus Sylyn. Mev. G. D. v. d. Merwe, Waveren, Emmaus Sylyn.

TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**RUDMANSE EDENVALE KWEKERY,**
EDENVALE NATAL.

GEVRA

KUILVOER kerfmasjien Ohio of Benthall. Skryf aan W. M. van Tonder, Ramaporama, P.K. Meadows.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**